Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GOVERNMENT GAZETTE

STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

Registered at the Post Office as a Newspaper *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

Price 10c Prys
Overseas 15c Oorsee
POST FREE—POSVRY

VOL. 71.] CAPE TOWN, 19TH MAY, 1971. [No. 3105.
KAAPSTAD, 19 MEI 1971.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 844. 19th May, 1971.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 34 of 1971: Water Research Act, 1971.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 844. 19 Mei 1971.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 34 van 1971: Waternavorsingswet, 1971.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

ACT

To provide for the promotion of research in connection with water affairs; for that purpose to establish a Water Research Commission and a Water Research Fund; and to provide for matters incidental thereto.

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to 7th May*, 1971.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Definitions.

1. In this Act, unless the context otherwise indicates, any expression to which a meaning has been assigned in the Water Act, 1956 (Act No. 54 of 1956), shall, when used in this Act, have the same meaning, and—

(i) "commission" means the Water Research Commission established by section 2; (iii)

(ii) "financial year" means the period from the first day of April in any year to the thirty-first day of March in the year next succeeding, both days inclusive; (i)

(iii) "fund" means the Water Research Fund established by section 12; (ii)

(iv) "university" means a university established by Act of Parliament. (iv)

Establishment and general objects of Water Research Commission.

2. (1) There is hereby established a commission to be known as the Water Research Commission.

(2) The Commission shall be a body corporate, capable of suing and being sued in its corporate name and of performing all such acts as are necessary for or incidental to the exercise of its powers and the performance of its functions and duties in terms of this Act.

(3) The objects of the commission are to co-ordinate, to promote, to encourage or to cause to be undertaken, as determined by the Minister specifically or in broad outline, research in respect of—

(*a*) the occurrence, preservation, conservation, utilization, control, supply, distribution, purification, pollution or reclamation of water supplies and water;

(*b*) the use of water for—

(i) agricultural purposes;

(ii) industrial purposes; or

(iii) urban purposes.

Functions of the commission.

3. (1) The functions of the commission shall be—

(*a*) to cause, by itself or in collaboration with the Council for Scientific and Industrial Research established by section 2 of the Scientific Research Council Act, 1945 (Act No. 33 of 1945), any State department, university or other institution, research to be undertaken in respect of matters relating to water;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

WET

Om voorsiening te maak vir die bevordering van navorsing in verband met wateraangeleenthede; om vir dié doel 'n Waternavorsingskommissie en 'n Waternavorsingsfonds in te stel; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op 7 Mei* 1971.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woord-omskrywing.

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Waterwet, 1956 (Wet No. 54 van 1956), toegeskryf is, waar dit in hierdie Wet gebesig word, dieselfde betekenis, en beteken—

(i) „boekjaar" die tydperk vanaf die eerste dag van April in 'n jaar tot die een-en-dertigste dag van Maart in die daaropvolgende jaar, albei dae ingesluit; (ii)

(ii) „fonds" die by artikel 12 ingestelde Waternavorsingsfonds; (iii)

(iii) „kommissie" die by artikel 2 ingestelde Waternavorsingskommissie; (i)

(iv) „universiteit" 'n universiteit wat by 'n Wet van die Parlement ingestel is. (iv)

Instelling en algemene oogmerke van Waternavorsingskommissie.

2. (1) Hierby word 'n kommissie wat die Waternavorsingskommissie heet, ingestel.

(2) Die kommissie is met regspersoonlikheid beklee en is bevoeg om in sy naam as regspersoon as eiser en verweerder in regte op te tree en om alle handelinge te verrig wat vir die uitoefening van sy bevoegdhede en die verrigting van sy werksaamhede en pligte ingevolge hierdie Wet nodig is of daarmee in verband staan.

(3) Die oogmerke van die kommissie is om navorsing ten opsigte van—

(*a*) die voorkoms, bewaring, opgaring, gebruik, beheer, voorsiening, distribusie, suiwering, besoedeling of herwinning van watervoorrade en water;

(*b*) die gebruik van water vir—

(i) landboudoeleindes;

(ii) nywerheidsdoeleindes; of

(iii) stedelike doeleindes,

soos deur die Minister in die besonder of in breë trekke bepaal, te koördineer, te bevorder, aan te moedig of te laat onderneem.

Werksaamhede van die kommissie.

3. (1) Die werksaamhede van die kommissie is om—

(*a*) alleen of in samewerking met die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad ingestel by artikel 2 van die Wet op die Wetenskaplike Navorsingsraad, 1945 (Wet No. 33 van 1945), 'n Staatsdepartement, universiteit of ander inrigting, navorsing te laat doen ten opsigte van aangeleenthede wat verband hou met water;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(*b*) to promote the research referred to in section 2 (3), and in connection therewith to establish research programmes or to alter research programmes so established;

(*c*) to make grants, with the approval of the Minister, and on such conditions as the Minister may approve (including conditions relating to rights regarding inventions and discoveries arising therefrom) from the fund to individuals, universities and other institutions for the benefit of such research, the development work for the application of the results of such research and the establishment of facilities for such research;

(*d*) to receive and to examine progress reports on such research and the development work for the application of the results of such research;

(*e*) to obtain information relating to such research and to development work for the application of the results of such research;

(*f*) to accumulate, to assimilate and to disseminate knowledge in regard to the results of such research and the application thereof, and to promote development work for the purposes of such application;

(*g*) to co-operate with institutions undertaking such research in other countries, with a view to the accumulation or dissemination of knowledge of such research and the results thereof;

(*h*) to advise the Minister in respect of the levying of rates or charges under section 11;

(*i*) to take such other measures as the commission may consider conducive to the attainment of its objects.

(2) If progress reports on research by virtue of the provisions of subsection (1) (*a*), or on research, development work or the establishment of facilities, for the benefit of which any grant is made under subsection (1) (*c*), are not furnished by the person or body concerned as called for by the commission from time to time, the payment or any part thereof for the research concerned, or the paying over of the grant concerned or any part thereof, may be withheld as the commission may think fit.

Constitution of commission, and period of office of its members.

4. (1) The commission shall consist of—

(*a*) the secretary, *ex officio*, as chairman; and

(*b*) a vice-chairman and six other members appointed by the State President on grounds of their special knowledge or experience in regard to any aspect of the commission's functions.

(2) A member of the commission, with the exception of the chairman, shall hold office for such period and subject to such conditions as the State President may determine at the time of his appointment, but shall be eligible for reappointment at the expiry of such period: Provided that if in his opinion there are good reasons for doing so, the State President may at any time terminate the period of office of any member of the commission other than the chairman.

(3) The vice-chairman of the commission shall be appointed on a full-time basis, shall be the chief executive officer of the commission and manage and control the work authorized by the commission.

(4) If the vice-chairman of the commission was, immediately prior to his appointment to such office, a member of a pension or provident fund established by law and administered by the State, he shall as long as he occupies the office of vice-chairman of the commission retain all the rights and privileges and remain subject to all the obligations acquired or incurred by him in respect of such pension or provident fund.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(*b*) die navorsing in artikel 2 (3) bedoel, te bevorder en in verband daarmee navorsingsprogramme in te stel of navorsingsprogramme aldus ingestel, te wysig;

(*c*) met die Minister se goedkeuring uit die fonds toekennings, op die voorwaardes wat die Minister goedkeur (met inbegrip van voorwaardes met betrekking tot regte in verband met uitvindings en ontdekkings wat daaruit ontstaan) te doen aan individue, universiteite en ander inrigtings ten bate van sodanige navorsing, die ontwikkelingswerk vir die toepassing van die resultate van sodanige navorsing en die daarstel van geriewe vir sodanige navorsing;

(*d*) vorderingsverslae oor sodanige navorsing en die ontwikkelingswerk vir die toepassing van die resultate van sodanige navorsing te ontvang en te ondersoek;

(*e*) inligting te bekom wat verband hou met sodanige navorsing en met ontwikkelingswerk vir die toepassing van die resultate van sodanige navorsing;

(*f*) kennis met betrekking tot die resultate van sodanige navorsing en die toepassing daarvan te versamel, te assimileer en te versprei, en ontwikkelingswerk vir die doeleindes van sodanige toepassing te bevorder;

(*g*) met die oog op die versameling of verspreiding van kennis van sodanige navorsing en die resultate daarvan, met inrigtings wat in ander lande sodanige navorsing onderneem, saam te werk;

(*h*) die Minister van advies te dien ten opsigte van die heffing van belastings of vorderings kragtens artikel 11;

(*i*) die ander maatreëls te tref wat die kommissie bevorderlik ag vir die bereiking van sy oogmerke.

(2) Indien vorderingsverslae oor navorsing op grond van die bepalings van subartikel (1) (*a*), of oor navorsing, ontwikkelingswerk of die daarstelling van geriewe, ten bate waarvan 'n toekenning kragtens subartikel (1) (*c*) gedoen word, deur die betrokke persoon of liggaam nie soos deur die kommissie van tyd tot tyd aangevra, verstrek word nie, kan die betaling of 'n deel daarvan vir die betrokke navorsing, of die uitbetaling van die betrokke toekenning of 'n deel daarvan, agtergehou word soos die kommissie goedvind.

Samestelling van kommissie, en ampstermyn van sy lede.

4. (1) Die kommissie bestaan uit—

(*a*) die seketaris, *ex officio*, as voorsitter; en

(*b*) 'n ondervoorsitter en ses ander lede wat deur die Staatspresident aangestel word uit hoofde van hul besondere kennis of ondervinding met betrekking tot die een of die ander aspek van die kommissie se werksaamhede.

(2) 'n Lid van die kommissie, met uitsondering van die voorsitter, beklee sy amp vir die tydperk en onderworpe aan die voorwaardes wat die Staatspresident ten tyde van sy aanstelling bepaal, maar kan by verstryking van sodanige tydperk weer aangestel word: Met dien verstande dat indien daar na sy oordeel gegronde redes daarvoor bestaan, die Staatspresident te eniger tyd die ampstermyn van 'n lid van die kommissie, uitgesonderd die voorsitter, kan beëindig.

(3) Die ondervoorsitter van die kommissie word op 'n heeltydse grondslag aangestel, is die hoof- uitvoerende beampte van die kommissie en bestuur en beheer die werk wat deur die kommissie gemagtig is.

(4) Indien die ondervoorsitter van die kommissie onmiddellik voor sy aanstelling in dié amp, lid was van 'n pensioen- of voorsorgfonds wat by wet ingestel is en deur die Staat geadministreer word, behou hy al die regte en voorregte en bly hy onderworpe aan al die verpligtings wat hy ten opsigte van sodanige pensioen- of voorsorgfonds verkry of opgeloop het, so lank as hy die amp van ondervoorsitter van die kommissie beklee.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(5) Any contribution (other than a contribution by the said vice-chairman himself) to such pension or provident fund which would have been payable in respect of such vice-chairman had he not been appointed as vice-chairman of the commission, shall as from the date of such vice-chairman's appointment as such be paid by the commission as long as that vice-chairman occupies office as such.

Advisory members of commission.

5. (1) The commission may co-opt during its pleasure so many persons as the Minister may determine, in an advisory capacity as members of the commission.

(2) The members co-opted under subsection (1) may take part in the proceedings at any meeting of the commission but shall not be entitled to vote at such meeting.

Remuneration and allowances of members of commission.

6. Members of the commission (including co-opted members) who are not in the full-time employment of the State shall be paid in respect of the performance of their duties as such members, such remuneration and allowances as the Minister in consultation with the Minister of Finance may determine.

Meetings of commission.

7. (1) The first meeting of the commission shall be held at a time and place to be determined by its chairman, and thereafter meetings of the commission shall, subject to the provisions of subsection (2), be held at such times and places as the commission may determine.

(2) The chairman of the commission may at any time call a special meeting of the commission, and shall call such a meeting within fourteen days after receipt of a request therefor by the Minister.

(3) Four members of the commission shall form a quorum for any meeting of the commission.

(4) The chairman, or in his absence the vice-chairman, of the commission shall preside at all meetings thereof at which he is present, and if both the chairman and the vice-chairman are absent from any meeting, the members present shall elect one of their number to preside at such meeting.

(5) The decision of a majority of the members of the commission present at any meeting thereof shall be the decision of the commission, and in the event of an equality of votes on any matter before such a meeting, the person presiding at such meeting shall have a casting vote in addition to his deliberative vote.

(6) A member of the commission (including a co-opted member) shall not be present at or take part in the discussion of or vote upon any matter before the commission, in which he or his spouse or his partner or employer or the partner or employer of his spouse has, directly or indirectly, any pecuniary interest, unless—

(*a*) he has previously in writing informed the commission of such interest; and

(*b*) the commission has approved that he may be so present or so take part or so vote.

Validity of decision taken by, or act performed under authority of, the commission.

8. No decision taken by the commission or act performed under authority of the commission, shall be invalid by reason only of a defect in the appointment of a person purporting to be a member of, or the existence of a vacancy on, the commission, or of the fact that a person who was not entitled to sit and act as a member of the commission sat or acted as a member of the commission at the time when the decision was taken or the act was authorized, if the decision was taken or the act was authorized by the requisite majority of the members of the commission who were present at the time and entitled to sit and act as members.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

(5) 'n Bydrae (uitgesondered 'n bydrae deur genoemde ondervoorsitter self) tot sodanige pensioen- of voorsorgfonds wat ten opsigte van sodanige ondervoorsitter betaalbaar sou gewees het indien hy nie as ondervoorsitter van die kommissie aangestel was nie, word vanaf die datum van sodanige ondervoorsitter se aanstelling as sodanig deur die kommissie betaal so lank as dié ondervoorsitter sy amp as sodanig beklee.

Raadgewende lede van kommissie.

5. (1) Die kommissie kan vir solank dit hom behaag die getal persone wat die Minister bepaal in 'n raadgewende hoedanigheid as lede van die kommissie koöpteer.

(2) Die kragtens subartikel (1) gekoöpteerde lede kan aan die verrigtings by 'n vergadering van die kommissie deelneem, maar is nie geregtig om op sodanige vergadering 'n stem uit te bring nie.

Besoldiging en toelaes van lede van kommissie.

6. Aan die lede van die kommissie (met inbegrip van gekoöpteerde lede) wat nie in die heeltydse diens van die Staat is nie, word daar ten opsigte van die verrigting van hul pligte as sodanige lede die besoldiging en toelaes betaal wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal.

Vergaderings van kommissie.

7. (1) Die eerste vergadering van die kommissie word gehou op die tyd en plek wat sy voorsitter bepaal, en daarna word vergaderings van die kommissie, behoudens die bepalings van subartikel (2), gehou op die tye en plekke wat die kommissie bepaal.

(2) Die voorsitter van die kommissie kan te eniger tyd 'n spesiale vergadering van die kommissie byeenroep, en moet so 'n vergadering byeenroep binne veertien dae na ontvangs van 'n versoek daarom deur die Minister.

(3) Vier lede van die kommissie maak 'n kworum vir 'n vergadering van die kommissie uit.

(4) Die voorsitter, of in sy afwesigheid die ondervoorsitter, van die kommissie moet by alle vergaderings daarvan waarop hy teenwoordig is, voorsit, en indien sowel die voorsitter as die ondervoorsitter van 'n vergadering afwesig is, moet die aanwesige lede een uit hul midde kies om op dié vergadering voor te sit.

(5) Die besluit van 'n meerderheid van die aanwesige lede op 'n vergadering van die kommissie maak die besluit van die kommissie uit, en by 'n staking van stemme oor 'n aangeleentheid voor so 'n vergadering, het die persoon wat by daardie vergadering voorsit benewens sy beraadslagende stem ook 'n beslissende stem.

(6) 'n Lid van die kommissie (met inbegrip van 'n gekoöpteerde lid) mag nie aanwesig wees by of deelneem aan die bespreking van of 'n stemming oor 'n saak voor die kommissie nie, waarin hy of sy eggenote of sy vennoot of werkgewer of die vennoot of werkgewer van sy eggenote, regstreeks of onregstreeks 'n geldelike belang het, tensy—

(*a*) hy die kommissie vooraf skriftelik van die bestaan van sodanige belang in kennis gestel het; en

(*b*) die kommissie dit goedgekeur het dat hy aldus aanwesig mag wees of mag deelneem.

Geldigheid van besluit geneem deur, of handeling verrig op gesag van, die kommissie.

8. Geen besluit geneem deur die kommissie of handeling op gesag van die kommissie verrig, is ongeldig nie bloot vanweë 'n gebrek by die aanstelling van 'n vermeende lid van, of die bestaan van 'n vakature in, die kommissie, of omdat iemand wat nie geregtig was om as 'n lid van die kommissie sitting te neem en op te tree nie, as 'n lid van die kommissie sitting geneem of opgetree het toe die besluit geneem of die handeling gemagtig is, indien die besluit geneem of die handeling gemagtig is deur die vereiste meerderheid van die lede van die kommissie wat toe aanwesig was en geregtig was om as lede sitting te neem en op te tree.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Rules of the commission.

9. The commission may make rules in relation to the procedure at meetings of the commission, including the keeping of minutes of the proceedings at meetings of the commission, and such other matters as it may consider necessary or expedient for the due performance of the functions of the commission.

How commission's functions are to be performed.

10. Subject to the laws governing the public service, the Minister shall appoint such officers and employees in the department as may be necessary for the carrying out of the administrative, professional and executive work arising from the performance by the commission of its functions.

Levying of rates and charges.

11. (1) Notwithstanding anything contained in any law, the Minister may, in consultation with the Minister of Finance, from time to time by notice in the *Gazette*—

(*a*) levy rates on land which may be irrigated by means of water supplied or made available by the State, an irrigation board or a water board;

(*b*) levy charges on water supplied or made available for use for agricultural purposes, urban purposes, industrial purposes or any other purposes by the State, an irrigation board, a water board, a local authority, the Rand Water Board or any other body; or

(*c*) levy both such rates and such charges.

(2) Rates or charges levied under subsection (1), shall be recovered in the manner prescribed by any such notice from the occupiers, or, failing such occupiers, from the owners, of land referred to in subsection (1) (*a*), or from the persons or bodies entitled to use water referred to in subsection (1) (*b*), by—

(*a*) the secretary, on behalf of the State;

(*b*) the irrigation board, water board, local authority or other body concerned, or the Rand Water Board,

as the case may be.

(3) (*a*) The amounts of such rates or charges recovered by any body referred to in subsection (2) (*b*) shall be paid over to the secretary.

(*b*) Duly audited statements in support of the amounts referred to in paragraph (*a*) shall be submitted annually to the secretary.

(4) Any notice referred to in subsection (1) may, in respect of the amount or tariff of such rates or charges, differentiate between different classes or categories of occupiers, owners, persons or bodies referred to in subsection (2), and may absolve any particular such class or category from liability for the payment of any such rate or charge.

Establishment of Water Research Fund.

12. There is hereby established a fund to be known as the Water Research Fund, into which shall be deposited all moneys which become payable to the commission.

Administration of the fund.

13. (1) The fund shall consist of—

(*a*) moneys appropriated by Parliament for the benefit of the fund;

(*b*) rates and charges levied under section 11;

(*c*) donations, bequests or contributions which the commission may receive from any other source.

(2) Subject to the provisions of subsection (6), the commission shall utilize the moneys in the fund for defraying expenses, in connection with the performance of its functions, which are not defrayed from other sources.

(3) The commission shall utilize any moneys appropriated by Parliament for the benefit of the commission in accordance with the statement in question of its estimated income and expenditure referred to in subsection (5) as approved by the Minister: Provided that, subject to the provisions of subsection (2), the commission may utilize any amount or portion of any amount required to be so utilized for a particular purpose in connection with a specified matter, for any other purpose in connection with that matter: Provided further that the com-

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

Reëls van die kommissie.

9. Die kommissie kan reëls opstel betreffende die prosedure op vergaderings van die kommissie, met inbegrip van die hou van notule van die verrigtings by vergaderings van die kommissie, en die ander aangeleenthede wat hy nodig of dienstig ag vir die behoorlike verrigting van die werksaamhede van die kommissie.

Verrigting van kommissie se werksaamhede.

10. Met inagneming van die wette op die staatsdiens, stel die Minister die beamptes en werknemers in die departement aan wat nodig is vir die uitvoering van die administratiewe, vakkundige en uitvoerende werk wat voortspruit uit die verrigting deur die kommissie van sy werksaamhede.

Heffing van belastings en vorderings.

11. (1) Ondanks die bepalings van die een of ander wet, kan die Minister in oorleg met die Minister van Finansies van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Staatskoerant*—

(*a*) belastings hef op grond wat besproei kan word deur middel van water voorsien of beskikbaar gestel deur die Staat, 'n besproeiingsraad of 'n waterraad;

(*b*) vorderings hef op water wat vir gebruik vir landboudoeleindes, stedelike doeleindes, nywerheidsdoeleindes of enige ander doeleindes deur die Staat, 'n besproeiingsraad, 'n waterraad, 'n plaaslike bestuur, die Randwaterraad of enige ander liggaam voorsien of beskikbaar gestel word; of

(*c*) sodanige belastings sowel as sodanige vorderings hef.

(2) Belastings of vorderings wat kragtens subartikel (1) gehef word, word op die wyse by so 'n kennisgewing voorgeskryf op die okkupeerders, of by ontstentenis van sodanige okkupeerders op die eienaars, van grond in subartikel (1) (*a*) bedoel, of op die persone of liggame wat geregtig is om water bedoel in subartikel (1) (*b*) te gebruik, verhaal deur—

(*a*) die sekretaris, namens die Staat;

(*b*) die betrokke besproeiingsraad, waterraad, plaaslike bestuur of ander liggaam, of die Randwaterraad,

na gelang van die geval.

(3) (*a*) Die bedrae van sodanige belastings of vorderings wat verhaal is deur 'n liggaam in subartikel (2) (*b*) bedoel, word aan die sekretaris oorbetaal.

(*b*) Behoorlik geouditeerde state ter staving van die bedrae in paragraaf (*a*) bedoel, moet jaarliks aan die sekretaris voorgelê word.

(4) 'n In subartikel (1) bedoelde kennisgewing kan ten opsigte van die bedrag of tarief van sodanige belastings of vorderings onderskeid maak tussen verskillende klasse of kategorieë in subartikel (2) bedoelde okkupeerders, eienaars, persone of liggame, en kan 'n bepaalde sodanige klas of kategorie van aanspreeklikheid vir betaling van so 'n belasting of vordering onthef.

Instelling van Waternavorsings fonds.

12. Hierby word 'n fonds bekend as die Waternavorsingsfonds ingestel waarin alle geld wat aan die kommissie betaalbaar word, gestort moet word.

Administrasie van die fonds.

13. (1) Die fonds bestaan uit—

(*a*) geld deur die Parlement ten bate van die fonds bewillig;

(*b*) belastings en vorderings kragtens artikel 11 gehef;

(*c*) skenkings, erflatings of bydraes wat die kommissie uit enige ander bron ontvang.

(2) Behoudens die bepalings van subartikel (6), moet die kommissie die geld in die fonds aanwend om uitgawes in verband met die verrigting van sy werksaamhede wat nie uit ander bronne gedek word nie te bestry.

(3) Die kommissie moet geld wat die Parlement ten bate van die kommissie bewillig het, aanwend ooreenkomstig die betrokke staat van sy geraamde inkomste en uitgawes vermeld in subartikel (5), soos deur die Minister goedgekeur: Met dien verstande dat, behoudens die bepalings van subartikel (2), die kommissie 'n bedrag of gedeelte van 'n bedrag wat vir 'n besondere doel in verband met 'n bepaalde aangeleentheid aldus aangewend moet word, vir enige ander doel in verband met daardie aangeleentheid kan aanwend: Met dien verstande

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

mission may utilize any balance of such moneys remaining at the end of the commission's financial year in question, for any expenses in connection with the performance of its functions.

(4) The commission shall utilize any donations, bequests or contributions contemplated in subsection (1) (*c*) in accordance with the conditions (if any) imposed by the donor, testator or contributor in question.

(5) The commission shall in each financial year, at a time determined by the Minister, submit a statement of its estimated income and expenditure during the following financial year to the Minister for his approval in consultation with the Minister of Finance.

(6) The commission may invest any unexpended portion of its moneys with the Public Debt Commissioners or in such other manner as may be determined by the Minister in consultation with the Minister of Finance.

(7) The secretary shall cause proper books to be kept of all moneys deposited in or paid out of the fund.

Auditing and annual report.

14. (1) The Controller and Auditor-General shall audit the accounts of the commission.

(2) The commission shall furnish the Minister with such information in connection with the activities and financial position of the commission as he may from time to time require, and shall in addition, as soon as practicable after the end of every financial year, submit to the Minister an annual report, including a balance sheet and a statement of income and expenditure certified by the Controller and Auditor-General, and such other particulars as the Minister may require.

(3) The Minister shall lay the said report upon the Table of the Senate and of the House of Assembly within fourteen days after receipt thereof, if Parliament is in ordinary session or, if Parliament is not in ordinary session, within fourteen days after the commencement of its next ensuing ordinary session.

Application of Act to South-West Africa.

15. The State President may by proclamation in the *Gazette* declare any of or all the provisions of this Act and of any amendment thereof to be applicable in the territory of South-West Africa (including the Eastern Caprivi Zipfel) or any portion thereof.

Short title and commencement.

16. This Act shall be called the Water Research Act, 1971, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

voorts dat die kommissie 'n saldo van sodanige geld wat aan die end van die betrokke boekjaar van die kommissie oorbly, vir uitgawes in verband met die verrigting van sy werksaamhede kan aanwend.

(4) Die kommissie moet skenkings, erflatings of bydraes beoog in subartikel (1) (*c*) aanwend ooreenkomstig die voorwaardes (indien daar is) wat die betrokke skenker, erflater of bydraer voorgeskryf het.

(5) Die kommissie moet in elke boekjaar, en wel op 'n tydstip deur die Minister bepaal, 'n staat van sy geraamde inkomste en uitgawes gedurende die daaropvolgende boekjaar aan die Minister voorlê vir sy goedkeuring in oorleg met die Minister van Finansies.

(6) Die kommissie kan enige onbestede gedeelte van sy geld belê by die Staatskuldkommissarisse of op die ander wyse wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal.

(7) Die sekretaris laat behoorlik boekhou van alle geld wat in die fonds gestort en daaruit betaal word.

Ouditering en jaarsverslag.

14. (1) Die Kontroleur en Ouditeur-generaal moet die rekenings van die kommissie ouditeer.

(2) Die kommissie moet aan die Minister die inligting verstrek wat hy van tyd tot tyd verlang in verband met die werksaamhede en geldelike toestand van die kommissie, en moet daarbenewens so spoedig doenlik na die end van elke boekjaar aan die Minister 'n jaarverslag voorlê, met inbegrip van 'n balansstaat en 'n staat van inkomste en uitgawes deur die Kontroleur en Ouditeur-generaal gesertifiseer, en die ander besonderhede wat die Minister verlang.

(3) Die Minister moet so 'n verslag in die Senaat en in die Volksraad ter Tafel lê binne veertien dae na ontvangs daarvan, indien die Parlement in gewone sessie is, of, indien die Parlement nie in gewone sessie is nie, binne veertien dae na die aanvang van sy eersvolgende gewone sessie.

Toepassing van Wet op Suidwes-Afrika.

15. Die Staatspresident kan by proklamasie in die *Staatskoerant* 'n bepaling of al die bepalings van hierdie Wet en van enige wysiging daarvan in die gebied Suidwes-Afrika (met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel) of 'n gedeelte daarvan van toepassing verklaar.

Kort titel en inwerkingtreding.

16. Hierdie Wet heet die Waternavorsingswet, 1971, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.